Bib.

110/88

GRIFFIER, HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(APPèLAFDELING)
BIBLIOTEEK 1988 -09- 28 LIBRARY
REGISTRAR SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

Insake die appèl van:

PATRICK MAGINDA ................................Eerste Apellant

DESMOND MAJOLA ................................Tweede Appellant

RONNIE NYUKA ................................Derde Appellant

DICKSON MADIKANE ................................Vierde Appellant

en

DIE STAAT ................................Respondent

Coram: JOUBERT, KUMLEBEN ARR *et* VILJOEN Wn AR

Verhoor: 12 September 1988

Gelewer: 28 September 1988

---

UITSPRAAK

JOUBERT AR:

Die vier appellante is as beskuldigdes

1, 2, 5 en 6 respektiewelik saam met vier ander beskuldigdes in die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling deur LATEGAN R en twee assessore op ŉ aanklag van moord verhoor deurdat hulle op Vrydag 22 November 1985 PATRICK MARENENE (die "oorledene") in Mullerstraat van die Kleurling woonbuurt Bridgton, in die distrik van Oudshoorn, vermoor het. Beskuldigdes nos 7 en 8 is onskuldig bevind en ontslaan terwyl beskuldigdes 3 en 4 aan roof skuldig bevind is. Die 1e, 2e en 4e appellante is skuldig bevind aan moord sonder versagtende omstandighede en is ter dood veroordeel. Die 3e appellant is skuldig bevind aan moord maar omdat hy slegs 15 jaar oud was, is hy ŉ vonnis van 5 jaar gevangenisstraf opgelê. Met verlof van die Verhoorregter kom die appellante tans in hoër beroep na hierdie Hof teen hul skuldigbevindinge en vonnisse. In sy uitspraak betreffende verlof om te appelleer, het die Verhoorregter die mening uitgespreek "dat ŉ ander redelike

Hof moontlik mag verskil van hierdie Hof se bevindinge, veral met betrekking tot applikante 3 en 4 ---," d.w.s. appellante nos 3 en 4, terwyl hy dit uit 'n beleidsoogpunt wenslik geag het dat hierdie Hof net sowel op dieselfde feitekompleks oor appellante nos 1 en 2 kon besin.

Die oorledene wie se bynaam Big Boy was, was 'n 35 jarige Swartman wat met sy gesin in 4e Laan van die Swart woonbuurt Bongolethu in die distrik van Oudshoorn gewoon het. Hy was 'n lid van die gemeenskapsraad in Bongolethu, hy was voorsitter van die laerskool se skool-komitee en hy het Sondagskool-lesse gegee. Daarbenewens het hy 'n "engineering" werksplek asook 'n winkel gehad. Hy kon bestempel word as 'n gesiene en welvarende lid van die Swart gemeenskap in Bongolethu.

Op Woensdag 20 November 1985 teen skemer het die eerste aanslag op die huis van die oorledene plaasgevind

toe 'n groot groep van 200 na 300 Swart mense in die straat voor die oorledene se huis opgedaag het. Hulle het die huis se vensters met klippe stukkend gegooi. Klippe is ook op die huis se dak gewerp. Hulle het die bakkie van Dorothy Fortuin, die oorledene se tweede "vrou", in die straat aan die brand gesteek. Sy het appellante nos 1, 2 en 5 asook beskuldigde 7 in die lig van die bakkie se vlamme gesien. Dit het begin stil raak. Daarna het 'n tweede aanslag op die oorledene se huis plaasgevind toe 'n groep jeugdiges op die toneel gekom het en die perseel binnegestorm het. Hulle het begin om die meubels uit die huis te dra wat toe deur appellante nos 1 en 2 asook beskuldigde no 7 op die brandende bakkie gegooi is. Toe appellant no 3 begin om die gordyne af te ruk, het Dorothy Fortuin hom gevra wat aangaan. Sy antwoord was: "Ons jag Big Boy se bloed nou." Sy het hom ook in die huis hoor sê: "Hier is die vark se suitcase." Die oorledene

/5...

en sy gesin het uit die huis gevlug. Later daardie nag het hulle teruggekeer om in die gestroopte huis te slaap maar die volgende dag het hulle die huis verlaat.

Vrydag 22 November 1985 het Benedict Marenene, die 12 jarige seun van die oorledene, laasgenoemde by hul huis in Bongolethu aangetref waar die oorledene gesoek het na items wat nie verbrand is nie. Hulle het besluit om na Bridgton te stap om 'n bakkie te gaan kry om die items te vervoer. Toe hulle Bongolethu verlaat, moes hulle 'n oop vlakte van ongeveer 200 m oorsteek om aan die oorkant Mullerstraat van Bridgton te bereik. Blykbaar is hul teenwoordigheid raakgesien. 'n Groot groep jeugdiges het uit die strate van Bongolethu begin om saam te drom en hulle te agtervolg. Die groep jeugdiges het geraas en klippe na hulle gegooi. Op die voorhoede was appellante nos 1, 2 en 5 asook beskuldigde no 7. Die oorledene het tydens die agtervolging

verskeie kere omgedraai en na sy agtervolgers met sy vuurwapen geskiet. Mullerstraat is ongeveer 100 m in lengte tot by die kruising met Jan Mc Kaystraat. Die oorledene het Benedict vooruitgestuur. Toe die oorledene hierdie kruising nader, het twee mans vanaf die kant van Mullerstraat hom voorgekeer, hom op die grond laat val en met hom op die grond gestoei ten einde sy vuurwapen af te neem. Die Verhoorhof het bevind dat daardie twee mans beskuldigdes 3 en 4 was. Die oorledene se agtervolgers het hom ingehaal en daar aangerand. Sy lyk is op daardie plek gevind. Ek sal straks daarmee handel.

Dit is gerade om eers te let op die aard van die mediese getuienis. Dr Barnard, die distriksgeneesheer, wat op 28 November 1985 'n lykskouing op die lyk van die oorledene uitgevoer het, het drie wonde aan die agterkop met 'n onderliggende skedelfraktuur gevind. Hierdie drie wonde kon deur 'n stomp voorwerp, soos klippe of die stompkant van 'n

byl, veroorsaak gewees het. Waarskynlik is dit deur drie afsonderlike handelinge veroorsaak. Ongeveer in die middel van die nek was daar 'n nekfraktuur. Na sy mening kon die skedelfraktuur op sigself die dood veroorsaak het terwyl die nekfraktuur slegs bydraend was en nie op sigself die dood kon veroorsaak nie. Na toediening van die skedelfraktuur sou die oorledene nie meer sy bewussyn gehad het nie. Die dood sou binne 1/2 uur na toediening van die skedelfraktuur ingetree het. Daar was vier penetrerende steekwonde wat die middel van die borskas van agter binnegedring het. Hulle was waarskynlik deur 'n mes toegedien. Hulle was nie op sigself fataal nie. Die linkerlong het as gevolg van hierdie vier penetrerende steekwonde platgeval. Die brandwonde aan die oorledene se nek en regterhand was oppervlakkig en nie diep nie. Na sy mening was die oorledene miskien dood of na-aan dood toe hy gebrand is.

/8...

Toe die groep agtervolgers die oorledene agternagesit het, het ŉ klein splintergroep van sowat 14 jeugdiges ŉ knap maneuver uitgevoer om die oorledene se ontvlugting te probeer fnuik indien hy in Jan Mc Kaystraat sou probeer ontsnap. Hierdie splintergroep het na Pritchardstraat in Bridgton gehardloop. Pritchardstraat wat parallel met Mullerstraat loop, kruis Jan Mc Kaystraat. Op die hoek van Pritchardstraat en Jan Mc Kaystraat het hierdie splintergroep gewag totdat hulle gesien het dat die groot groep agtervolgers die oorledene by die kruising van Mullerstraat en Jan Mc Kaystraat ingehaal het. Die splintergroep het toe by die groot groep gaan aansluit. Wat van belang is, is die feit dat Ellie Daniels, ŉ getuie vir die Staat, vir appellant no 3 gesien het toe hy saam met die splintergroep verby haar huis in Pritchardstraat gehardloop het.

Benedict het intussen reeds die kruising van Mullerstraat en Jan' Mc Kaystraat oorgesteek en by die le paal na die kruising in Mullerstraat gaan staan vanwaar hy die aanval op die oorledene dopgehou het. Die Verhoorhof het bevind dat vanweë sy jeugdige ouderdom en die geweldige emosionele spanning wat hy meegemaak het toe hy aanskou hoe sy vader doodgemaak word, sy getuienis met groot omsigtigheid benader moes word en dat daar stawing moes wees alvorens sy getuienis wat iemand inkrimineer, aanvaar kon word. Hierdie benadering vind ek in orde.

Nadat beskuldigdes 3 en 4 met die oorledene op die grond gestoei het om hom van sy vuurwapen te beroof, het hulle opgespring en weggehardloop. Terwyl die oorledene op sy maag lê, het 'n onbekende Swartman op sy sitvlak gaan sit en hom met 'n mes gesteek. Daarna het die Swartman verdwyn

in die geledere van die ommestand Swartmense wat gesing en geraas het. Hulle het ook klippe na die oorledene gegooi wat op sy maag gelê het. Appellant no 1 het toe 'n klip van omtrent 8 duim in deursneë op die kop van oorledene gegooi. Dit is aanskou deur getuies Botha, Japhta en Benedict wat vir die Staat getuig het. Persone in die geledere van die ommestand het klippe na die oorledene se kop gegooi. Die volgende stap was toe appellant no 2 na die oorledene gestap het en hom met 'n byl 'n hou agter sy kop toegedien het. Appellant no 2 het in sy getuienis homself wel op die toneel van die misdaad geplaas. Hy het erken dat hy die byl gehad het maar het beweer dat hy slegs 'n simboliese kap toegedien het wat hy onder dwang verrig het. Die getuies Botha, Japhta, Ellie Daniels en Benedict het vir die Staat oor appellant no 2 se optrede getuig. Die oorledene het toe stil gelê. Op daardie stadium is 'n motorband van hand tot hand aangegee na waar

die oorledene gelê het. Droë gras en plastiese sakke wat opgetel is, is in die motorband geplaas en aan die brand gesteek. Dit is toe om die nek van die oorledene geplaas. 'n Rooi motor het stadig in die straat verby gery. Sommige van die Swartmense het na die motor gehardloop om brandstof te vra maar die bestuurder Bokka Solomons het geweier en weggery. Hulle het toe die agterruit van die motor met klippe stukkend gegooi. Die Swartmense het toe terug in die rigting van Bongolethu geloop.

In hierdie Hof was die hoofbetoog van adv Donen namens die appellante dat die oorledene 'n noodlottige hou deur beskuldigdes 3 en 4 toegedien is voordat die Swart horde op die toneel verskyn het sodat die Staat nie bo redelike twyfel bewys het dat die oorledene nog geleef het toe hy deur appellante nos 1 en 2 aangerand is nie. Sy betoog was dat appellante nos 1 en 2 hoogtens aan poging tot moord skuldig

bevind kon geword het. Vergelyk die beslissing in S v Ndlovu, 1984 (3) SA 23 (A). Hierdie betoog word egter nie ondersteun deur die mediese getuienis nie aangesien die vier penetrerende steekwonde nie op sigself fataal was nie. Bowendien is daar die lekegetuienis van ooggetuies, soos Botha, wat getuig het dat die oorledene probeer opstaan het nadat beskuldigdes 3 en 4 hom aangerand en weggehardloop het. Ook Japhta het gesien dat die oorledene beweeg het voordat appellant no 1 hom met die klip teen sy kop gegooi het. Na my oordeel is die enigste redelike afleiding aan die hand van die mediese getuienis en die aanvaarbare lekegetuienis dat die oorledene wel geleef het toe hy deur appellante nos 1 en 2 aangerand is.

Verder is ek van mening dat die enigste redelike afleiding wat uit die aanvaarbare getuienis gemaak kan word, is dat die groot groep sowel as die splintergroep

met 'n gemeenskaplike doel opgetree het vandat hulle Bongolethu verlaat het om die oorledene te agtervolg ten einde hom te vermoor by wyse van 'n "necklace" moord. Regtens is dit irrelevant wie van die appellante die oorledene fisies aangerand het. Hul gemeenskaplike oogmerk om die oorledene te dood, bring mee dat die aanrandingshandeling van die een regtens ook aan die ander toegedig moet word. Raadpleeg S v Safatsa & Others, 1988(1) SA 868 (A) op bls 896 D-E, 897 A-B. Dit lewer geen moeilikheid op wat appellante nos 1 en 2 betref nie. Die vraag is of appellante nos 3 en 4 hul met die groep se gemeenskaplike doel aktief vereenselwig het. Die posisie van appellant no 3 is duidelik uit sy optrede met die splintergroep. Daarna is hy op die moordtoneel gesien deur Ellie Daniels terwyl Benedict gesien het hoe hy 'n klip na die oorledene gooi. Appellant no 4 is deur Botha op die moordtoneel gesien waar hy die oorledene meer as een keer

met ŉ mes op sy rug gesteek het. Die Verhoorhof wat hom sien en hoor getuig het, was bereid om op sy enkele getuienis ŉ persoon skuldig te bevind.

Weliswaar het adv Donen in hierdie Hof gepoog om die getuienis van sommige van die getuies vir die Staat te kritiseer. Sy kritiek was egter geensins oortuigend nie en verdien nie om vermeld te word nie. Na my oordeel het die Verhoorhof die getuienis baie grondig en goed ontleed sonder om ŉ mistasting te begaan. Die gevolg is dat die appellante tereg skuldig aan moord op die oorledene bevind is.

Die appellante het self nie oor versagtende omstandighede getuig nie. Prof. du Preez, ŉ professor in sielkunde aan die Universiteit van Kaapstad, het getuienis gelewer oor die teorie van groepsielkunde. Dit is egter van geen praktiese nut in die onderhawige geval nie omdat ŉ indiwidu

moet verklaar hoe hy deur die groepsoptrede beïnvloed is, soos prof du Preez tydens kruisondervraging toegegee het. Die appellante het egter versuim om dit te doen. Hulle het nie kom getuig hoe hul geestesvermoëns subjektief deur groepsielkunde beïnvloed is nie. Vergelyk S v Mongesi en Andere, 1981(3) SA 204 (A) op bl 207 E-H. Na my oordeel het die Verhoorhof geen mistasting of onreëlmatigheid begaan toe dit tot die gevolgtrekking gekom het dat daar geen versagtende omstandighede in die geval van die le, 2e en 4e appellante is nie. Insgelyks kan geen hof redelikerwyse tot 'n ander gevolgtrekking kom nie. Adv Donen het tereg nie die vonnis van die 3e appellant aangeveg nie. Die gevolg is dat die Verhoorhof tereg tot die gevolgtrekking gekom het dat daar geen versagtende omstandighede in die geval van le, 2e en 4e appellante is nie.

Die resultaat is dat die appelle van die appellante teen hul skuldigbevindings sowel as hul vonnisse afgewys word.

C. P. JOUBERT AR.

KUMLEBEN AR) Stem saam.
VILJOEN Wn AR)